

Vrydag 23 Oktober

Skrifgedeelte: Maleagi 1:9-14

Fokusgedeelte: Maleagi 1:10

Eerder 'n geslote kerkdeur as eiewillige en halwe godsdiens

Binne God se ewigdurende liefde in Jesus Christus is daar nog tyd vir ware berou en bekering. Israel word daartoe opgeroep (vs 9).

In plaas van smeking en ware berou, is hulle woorde: *Kyk, wat 'n moeite!* (vs 13). God se ewigdurende liefde wat in vervulling gaan in Jesus Christus, is vir Israel so min werd dat alles in verband met die geloof vir hulle moeite geword het.

En dan spreek God deur Maleagi hierdie angswekkende woorde (vs 10): *Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op my altaar kan aansteek nie!* God stel eiewillige en halwe godsdiens gelyk aan die bese koning Agas se werk wat voor die ballingskap die tempeldeure gesluit het en op die straathoeke vir die afgode begin offer het. Dit is hoe afgrysig dit in sy oë is en Maleagi moet die gelowiges in kennis stel en oproep tot bekering.

Die volk het nie meer vrees en eerbied vir God gehad nie. Hulle het die “eer” uit die erediens gehaal, en daarom sê God: Sluit eerder jou deure as wat jy met geopende deure my eer steel. So waarsku Christus self ook die gemeente in Efese (Op. 2:5)!

Hoe kan ons dan in dankbaarheid reageer op God se ewigdurende liefde vir ons as sy uitverkorenes sonder dat ons ons hele lewe aan Hom toewy? Daarom, laat ons diens aan God nooit vir ons moeite raak nie, want dan kan Hy netsowel vir ons sê: *Ag, was daar maar iemand by julle wat die durf gehad het om eerder die deure te sluit.* Maar ons dank God vir sy genade, want deur die volmaakte offer van Jesus Christus skeur Hy die voorhangsel en maak Hy die deure in die hemel wawyd oop (Op. 3).

Sing: Psalm 94-1:11, 12

Ds. FJ van Rensburg (Frikkie) (Rustenburg-Noordoos)